DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. WOENSDAG 23 April 1958 NR. 4

# Die grondslag van die A.S.B.

## *Die anker, die band en die Lig*

OP die afgelope kongres van die A.S.B. het die Christelik-Nasionale grondslag daarvan sterk onder die soeklig gekom. Ons weet hoedat van die beste denkers en redenaars van die P.U. vir C.H.O. — wat nog altyd die brandpunt was van die Christelik-Nasionale ideaal — nie altyd die vrae van die skerpsinnige teenstanders daarvan bevredigend kon beantwoord nie. 'n Kommissie van ondersoek is aangestel om op die volgende kongres verslag oor die grondslag uit te bring.

**GRONDSLAG.**

'n Kort omskrywing van die grondslag van 'n organisasie soos die A.S.B. kan seker wees: 'n — vir die lede — algemeen-geldende begrip wat aan die wese, die optrede en doel van die organisasie 'n bepaalde aard gee deurdat dit die uitgangspunt, die werkmetodes en die ideale van die organisasie bepaal. Natuurlik moet die grondslag ook op elke lid van die organisasie 'n invloed uitoefen en wel so dat deur lidmaatskap van die organisasie die grondslag daarvan ook deel word van die lewe van elke lid op daardie terrein waarop die organisasie beweeg. So moet die grondslag verseker dat almal wat op daardie terrein beweeg een van sin en hart is en dus ook as 'n eenheid kan optree.

**'N ANKER:**

Die Christelik-Nasionale beginsel moet vir die A.S.B. 'n anker wees.

In hierdie lewe van gedurige wisseling en verandering, van harwar op soveel terreine, moet dit die vashouplek van die A.S.B. wees. In al sy keuses moet dit die veilige staanplek wees vanwaar dit sake in oënskou kan neem en kan toets voordat 'n besluit geneem word. Die storms kan maar kom: onbeweeglik staan dit vasgehaak aan die bodem van die volkseie. Solank die A.S.B. daaraan vashou, is dit verseker van 'n veilige posisie ten opsigte van die land en volk: dit is al 'n eeu lank getoets en aanvaar en was nog altyd 'n beveiligende en behoudende faktor.

Al moeilikheid, geagte leser, is dit: 'n skip wat nooit sy anker lig nie, kom nooit vooruit nie.

**'N BAND:**

Die Christelik-Nasionale beginsel moet vir die A.S.B. 'n band wees.

Wanneer 'n groep individue soos die lede van die A.S.B. moet saamwerk, is 'n faktor om al die wyd-uiteenlopende menings te koördineer, absoluut noodsaaklik. Daar moet iets wees wat die hele groep kan omsluit en al hulle menings kan verbind. Daar moet buitendien ook iets wees wat as maatstaf kan dien by al die uiteenlopende menings. Wanneer iemand praat, moet daar iets kan wees waaroor hy die hart van elkeen kan laat uitswel en saamvoel: „Wat hy daar sê, is darem waar." Dit moet die faktor wees waaroor geen meningsverskil kan bestaan nie, waaroor almal saam meegevoer kan raak — die grondslag van 'n magtige eenheidsoptrede sonder die sweem van twyfel.

Maar, geagte leser, 'n band wat te styf sit, kan dalk alle nuwe asem buite sluit.

**'N LIG:**

Die Christelik-Nasionale beginsel moet 'n lig vir die A.S.B. wees.

Die Christelik-Nasionale grondslag van die A.S.B. moet wees die winkende lig wat Afrikanerstudente wat in die duister van vreemdheid en onsekerheid ronddwaal, lok na die tuiste van die Afrikanerhart. In die midde van die A.S.B. moet die Afrikanerstudent verseker kan wees van 'n omgewing waar hy sal vind die dinge eie aan sy volk: waarmee hy grootgeword het en wat hy ken en sy volk van alle ander onderskei.


Terselfdertyd is die C.N.-beginsel ook die rooi lig vir die nie-Afrikanerstudent: „Pasop: ek gooi my rooi skynsel oor almal wat naby my staan. As jy dus nie ook daardie kleur wil hê nie, bly hier weg!" Wel kan die nie-Afrikaner naderkom, maar dan moet hy besef dat as hy onder die skynsel kom staan, hy net soos die ander lyk en dus van hom verwag word om net soos die ander op te tree, te dink en te voel. As hy daarvoor nie kans sien nie, moet hy padgee van die skynsel af.

Nou lyk dit mos, geagte leser, of party mense die C.N.-beginsel gladnie ook as 'n rooi lig wil sien nie.

**Die grondslag van die A.S.B. kan werk indien dit 'n anker is wat so nou-en-dan opgehaal kan word sodat steeds nuwe gebiede gesoek kan word waar weer anker gewerp en met die handel begin kan word;**

**Die grondslag van die A.S.B. kan werk indien dit nie 'n te knellende band is nie, maar darem af-en-toe 'n verfrissende nuwe asemtoggie die longe inlaat;**

**Die grondslag van die A.S.B. kan werk indien dit nie net as 'n winkende lig gesien word nie, maar ook as 'n rooi lig om ongewenste elemente te waarsku om buite te bly.**



## TJAARD v. d. WALT

Ons Oud-voorsitter van die Studenteraad, mnr. Tjaard van der Walt, het na 'n geslaagde reis weer teruggekeer van oorsee.

Ons is baie bly om ons ou veteraan weer in ons midde te hê, en ons hoop dat sy reis oorsee baie opgelewer het tot nut van sy verdere studies.

Hartelik welkom!

## A.S.B.-HOOFBESTUUR

Die hoofbestuur van die A.S.B. is deur die Kongres soos volg saamgestel:

President: Mnr. J. van der Vyver (P.U.); H. Strauss (U.P.), Roelofse (U.S.), Stone (P.O.K.), H. J. D. van der Walt (P.U.), Verwoerd (U.P.), D. J. Kriel (N.K.P.).

Ons hartlikste gelukwensing aan mnre. Van der Vyver en Van der Walt met hul verkiesing, in besonder aan e.g. wat vir die derde agtereenvolgende jaar as president van die A.S.B. gekies is! Ons vestig ons hoop op u om die naam van ons Alma Mater in u ou en nuwe werkkring resp. hoog te hou! En ons vertrou dat die hoogs belangrike taak wat op u rus, met sukses uitgevoer sal word.

CENTRAL NEWS AGENCY LTD.

CNA

Ons voorsien in alle UNIVERSITEITSBOEKE, SKRYFBEHOEFTES, PLAASLIKE en OORSESE TYDSKRIFTE en KOERANTE.

Kerkstraat 139 - - - - - - - - - Telefoon 114

POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS

KERKSTRAAT 112,

Telefoon 2157

POTCHEFSTROOM

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

INGRAM

SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

● SPIRITUALIEE

en

● WYNSOORTE

KOM SIEN ONS

vir al u . . . . .

* Fotografiese en
* Aptekersbenodigdhede.

GEEN & VELLEMAN

Kerkstraat,

Potchefstroom

CORNER

FRUIT STORE

★

„U KEN ONS!"

Studente . . . . !

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

POTCHEFSTROOM

BOEKHANDEL

Kerkstraat 93 — Telefoon 497

TURKSTRA

BAKKERY

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61

Raadpleeg ons vir . . .

● BROOD

en alle

● KOEKSOORTE

Die Wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Woensdag 23 April 1958

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - Andries Myburg.

ONDER-HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - Johan Coetsee.

NUUS - - - - - - - - - - - - - - - - Jan v. d. Schyff.

INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE - - Chris Coetsee

KUNS - - - - - - - - - - - - - - - - Riekie Dekker.

SPORT - - - - - - - - - - - - - - - - De Wet Krüger.

VARIA - - - - - - - - - - - - - - - - Susan Roets.

TEGNIESE-ADVISEUR - - - - - - - - - - Dries Yssel.

FOTOGRAAF - - - - - - - - - - - - - Hannes v. d. Walt.

PENNINGMEESTER - - - - - - - - - - - Hans van Zyl.

ADVERTENSIEBESTUURDER - - - - - - - Eike Howaldt.

SIRKULASIEBESTUURDER - - - - - - - - - Leon Swart.

# In die Jeug lê ons krag

Dit is voorwaar 'n baie mooi slagspreuk vir 'n volk, en ook een waarop ons met reg trots kan wees. Maar waarom moet ons as studente nou so konsekwent wees om dit op alle terreine van die lewe deur te voer? Ek praat hier spesifiek van die studentegemeenskap. Daar is darem tog seker 'n radikale verskil tussen die volk, waar hierdie spreuk loflik is, en die studentegemeenskap waarin ons ons bevind; ofskoon baie van ons reeds byna volksvaders en -moeders is voordat ons dit eindelik reg kry om die stof van die akademie van ons voete af te skud.

Nou wonder u seker waaroor al hierdie onsamehangende aanvoorwerk eintlik gaan? Waaroor anders as oor die Vreugdedagvierings van Saterdag? Ek het seker nie nodig om aan u bekend te maak dat ons op Saterdag 26 April 'n Vreugdedagoptog in die strate van Potchefstroom het nie? Nee, ons weet dit almal. Maar nou wonder ek net of mens nie dalk Saterdagaand sal wens dat jy dit wel onder die aandag van die Pukke gebring het nie, miskien het hulle tog nie daarvan geweet nie . . . .

Nee, geagte Pukke, ek is nie sommer net swartgallig nie. Weet u dat dit verlede jaar wel die geval was? Weet u dat ons Vreugdedag verlede jaar 'n reuse mislukking was? Geensins wil ek beweer dat die persone wat wel gewerk het, nie hulle beste gelewer het nie. Veeleerder sou ek wil beweer dat hulle meer as hulle deel gedoen het! Maar weet u waarom hulle meer moes doen as wat van elke student verwag word? Omdat die grootste deel van ons seniorstudente nie meer Vreugdedag as hulle taak beskou nie. As net die juniorstudente hierdie dag moet dra, waarom stuur ons hulle dan nie ook maar alleen Intervarsitie toe nie?

Is dit nie meer vir u 'n eer om die kollektebussie in die strate te skommel terwyl lieflike sierwaens, waaraan u gehelp bou het, deur die strate beweeg nie? Dit was voorwaar 'n lieflike gesig om op die vergadering van die vlothoofde te sien dat die meerderheid seniors is.

Vergeet die gedagte dat Vreugdedag nie vir al die studente bedoel is nie. Daar is meer as genoeg werk vir almal, waarom moet iemand anders u deel doen? Miskien doen hy dit heelwat slegter as wat u dit sou gedoen het, en kyk net wat ly ons dan skade

Pukke, laat ons hierdie jaar van die Vreugdedag 'n reuse sukses maak . . . laat elke Puk Saterdag sy deeltjie doen.

## Oordenking

# Waar sal my Hulp vandaan kom?

**Psalm 121 vers 1 en 2: Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom. My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.**

Die mens is in sy diepte wese onmagtig, onselfgenoegsaam en hulpbehoewend. Al besit hy soms 'n oormaat van selfvertroue, ondervind hy tog op een of ander tydstip dat hy die veelvuldige storms van hierdie lewe nie alleen kan dra nie — hy het daarvoor hulp nodig.

Hierdie harde werklikheid het ook die digter van Psalm 121 ervaar. As hy uitroep: „Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom," dan is dit asof hy hier die diepe besef van sy nietigheid, onmag en afhanklikheid wil uitkerm. Die sorge en laste van hierdie lewe het vir hom te veel geword — hy kan dit nie meer alleen dra nie — êrens moet hy hulp vandaan kry. Met 'n benoude gevoel van omklemming staar hy na die blou berge rondom hom om te sien of hy nie miskien vandaar redding kan verwag nie. Ons kan ons voorstel dat hy ook reeds by ander bronne om hulp aangeklop het. Hy het miskien op eie krag, verstand, aansien of op sy medemens vertrou. Miskien het hy by die genietinge van hierdie wêreld uitvlug gesoek vir sy probleme. Al hierdie bronne het egter gefaal, en nou staar hy in wanhoop en afwagting na die berge rondom hom.

Maar dan, na 'n soektog wat met veel stryd en worsteling gepaard gegaan het, kom hy in vers 2 tot dié groot ontdekking — die alles-oorheersende slotsom van sy lewe: „My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het." Weg is sy sieleangs en benoudheid, weg is sy probleme, sy bekommernis oor sy onmag en nietigheid. Dit alles het soos mistigheid verdwyn voor dié blye versekering: sy hele lewe met al die sorge en moeilikhede daarvan, is nou in die veilige hande van sy Verbondsgod. Hy wat hemel en aarde geskape het deur die krag van Sy Woord, is die onfeilbare hulpbron wat in der ewigheid nie wankel nie.

Geagte leser, ons as jongmense— as studente—wil ook maar al te dikwels ons eie pad loop en in ons jeugdige voortvarendheid ons eie besluite neem. En tog, soos die digter van Psalm 121, ondervind u en ek ook maar elke dag van ons lewe dat ons nie alleen kan staan nie. Ons het hulp nodig. In die lewe van elke gelowige kom daar donker tye—tye wanneer hy soms verward om hom heen staar om te sien of daar dan nie êrens vandaan redding sal kom nie. Die genietinge van hierdie wêreld, ons eie krag, intelligensie en status—al hierdie dinge is skynhulp, verdowingsmiddels wat van verbygaande aard is, en wat die mens dieper in ellende dompel eerder as om hom daaruit te help.

Nee, die gelowige ken maar een ware hulpbron, en dit is God self. Dié wat op Hom vertrou, sal nooit beskaamd staan nie. Het ons dit dan nie al in ons eie lewe ervaar nie? Wanneer ons bedroef is, vertroos Hy ons. Wanneer ons lewe tintel van blydskap en geluk, weet ons dat ook dit van Sy hand kom. Mag ons as gelowiges altyd voortlewe in dié blye versekering, en mag die slotsom waartoe die digter van Psalm 121 geraak het, soos 'n banieropskrif bokant u en my lewe geskryf staan: „My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het."

J. H. Schut'e.

—□—

Vir al u
**TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, ONDERDELE, en HERSTELWERK,**
besoek — **PARK FIETSWINKEL**
(F. F. Tranter)
H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995
Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE.

## GESONDE RASSE-VERHOUDING

Waarom is dit so noodsaaklik vir ons om 'n gesonde rasseverhouding te kweek? Op hierdie vraag het mnr. D. J. Kriel van Normaalkollege, Pretoria, die volgende twee hoofredes in sy referaat gedurende die A.S.B.-kongres gegee:

1. Dit is ons as christene se christelike plig teenoor die ander ras as medemens.
2. Dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die voortbestaan van die blanke ras en die vooruitgang van alle rasse in die land.

Hoe kan so 'n verhouding geskep word?

Deurdat die christelike samelewing daadwerklik moet deelneem aan die skepping van vertroue tussen blank en nie-blank.

## NATUREL LOOF REGERING

Tydens 'n vergadering, gereël deur die A.S.B. gedurende die afgelope kongres hier plaaslik, het opsiener Moloto gesê dat die Bantoe self baie inisiatief aan die dag lê wat betref die oprigting van Bantoe-skole, en selfs ook finansiëel sy bydrae lewer.

Hy het egter met groot lof gepraat van die subsidies wat die regering aan die Bantoeskole toeken. Uit 'n uittreksel, gemaak uit 'n onlangse uitgawe van „The Star," het Moloto aangetoon dat die Unie-regering, in teenstelling met ander regerings wat hoogstens ses of sewe sjielings per hoof aan die nie-blanke onderwys gee, meer as 'n £ per hoof gee aan Bantoe-onderwys. Spreker het sy persoonlike dank aan die regering betuig teenoor die vergadering vir hierdie ondersteuning.

### KANTOORNUUS

Dr. en mev. F. J. J. Coetzee verheug hulle in die geboorte van 'n eersteling dogter.

* * *

Mnr. D. J. Eloff, Uitbreidingsamptenaar, het so pas teruggekeer vanaf Molteno, Middelburg, K.P. en Postmasburg waar hy 'n heel geslaagde toer gehad het. Op aldrie die plekke het die film oor „IN U LIG" baie groot byval gevind. Op Postmasburg het hy ook die Kaaplandse G.S.O.-kongres oor die Universiteit toegespreek. Op 5 en 6 April het hy besoek gebring aan Bloemfontein waar hy die J.V.-kongres van die O.V.S. toegespreek het, en ook die film vertoon het.

Op 22 April sal hy besoek bring aan Nylstroom om die Kongres van die G.S.O. van Transvaal toe te spreek oor die Universiteit en om die film aan die kongresgangers te vertoon.

**DIE BULT APTEEK**
**TOMSTRAAT 86.**
**TELEFOON 3091.**
Nou geopen en tot u diens!
●
ONS LEUSE IS:
**„DIENS aan die gemeenskap"**
●
**Ondersteun Oud-Pukke!**
●

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**
and
**Van Riebeeck Cafe**
for:
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS.

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
—□—
**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
—□—
vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

**W. J. SPAVINS en Seun**
vir alle
ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
Koelkaste Radio's
—□—
**Kerkstraat 101, Potchefstroom**
**Telefoon 185.**

# Vreugdedag vanjaar tuis.

## Reorganisasie beloof groter sukses

VREUGDEDAG, by uitstek die dag van vreugde vir die studente, is reeds voor die deur — die datum is naamlik Saterdag 26 April. Vanjaar se vreugdedagviering is van soveel meer betekenis, omdat dit 'n ,,proeftyd" moet deurmaak. Soos reeds bekend is die Vreugdedagkomitee na verlede jaar gereorganiseer, en daar word vertrou dat hierdie reorganisasie 'n groot oplewing in Vreugdedag ten gevolg sal hê.

**Sub-komitees.**

Die Vreugdedagkomitee is aansienlik uitgebrei in sub-komitees, om sodoende 'n meer effektiewe diens in elke besondere rigting van Vreugdedagwerksaamhede te verkry.

**Vlotte.**

Verder is daar oorgegaan tot 'n herindeling van vlotte, sodat dit vanjaar op 'n kompetisie tussen die verskillende koshuise gaan uitloop — hoe lyk dit met die toutrekspan van „Dawie Doep!" Die tema vir die vlotbou is ,,Grepe uit die Musiekwêreld." Daar word verwag dat die gehalte van die vlotte van baie hoogstaande gehalte gaan wees.

Ook sal daar weer drie gelykwaardige pryse in die vorm van bekers toegeken word aan die volgende drie vlotte respektiewelik:

1. Beste afgewerkte vlot;
2. Die lagwekkendste vlot;
3. Die oorspronklikste vlot.

Die bekers sal dus in die koshuise pryk as beloning vir die harde arbeid van diegene wat aan die vlotte gewerk het.

**Kostuums.**

Wat sal 'n Vreugdedag wees sonder die veelkleurige kostuums en soms „skrikwekkende" mombakkies? Kom Pukke, bewys elkeen sy eie oorspronklikheid—wie weet, miskien is dit u wat een van die drie pryse van 'n ghienie elk gaan verower! Die toekenning geskied op dieselfde basis as by die vlotte.

**Kollekte.**

Met die oog op die kollekte in die strate word die dorp vanjaar in drie dele verdeel. Kollektante sal na die verskillende dele vervoer word waar hulle van huis tot huis sal kollekteer. EN RAAI, ook hier sal 'n prys toegeken word aan die twee persone wat die meeste gekollekteer het.

Vreugdedagkomitee maak, met dank aan ons Studenteraad, melding van die aantal permanente kollektebussies wat deur die toedoen van die S.R. aangekoop kon word.

**Boeresport.**

Vreugdedagkomitee wil vanjaar vreugde in die ware sin van die woord bied sowel aan almal wat deelneem as aan die publiek, deur die middag van die ses-en-twintigste April 'n boeresport aan te bied. Finale besonderhede in dié verband sal later bekend gemaak word—so u moet intussen maar geduld beoefen! Hierdeur sal daar darem ook vergoeding wees vir die moeë studente en vir die „platsak"-publiek!

**Gratis Konsert.**

Maar nog meer! Soos altyd in die verlede sal dieselfde aand nog 'n gratis konsert aangebied word deur Thalia en die Alabama Studente-orkes.

Die vooruitsigte vir 'n geslaagde Vreugdedag is rooskleurig. Maar die verwerkliking van hierdie vooruitsig hang van u af, geagte Puk-studente! Ruk dus in jul honderdtalle — nog beter, jul duisendtal — op teen die publiek van Potchefstroom met vriendelike gebare van sakrollery!

Pukke, laat daar sommer die hele week lank VREUGDE wees!

## KUPIDOLOGIE

„O die Apie sit en droom
In die mik van 'n bosveldboom;
En die bobbejaan kom
Met sy stert so krom,
En die Apie sê vir hom:
(Idyll): „Arrarrarattio!!"

Pukke: „RURA!! T. U. K.!! Jey, Tuks!!!"

Ja, dit was ons Pukke se kenwysie die laaste drie aande van die kongres daar in die Pote-saal, tot groot vermaak van driekwart van die publiek. Ai, hier was darem mooi goeters . . . snaaks, dit la' my dink om 'n langgekoesterde versoek aan die S.R. te rig: kan die ligte wat bedoel is om bokant die nuwe spykerbankies te pryk, nie maar seblieftog by die nuwe kennisgewingbord aangebring word nie?

Nou, daar is gepraat van „April Love en April Fools," maar g'n niemand het „April Showers," (oftewil die ontydige landsreëntjie) voorspel nie . . . want ekkid-he-verkoue en my neus is toe. Of is 'n mens te oud vir serenades as jou gestel nie meer 'n paar bekers koue water kan staan nie?

---

Op Saterdag 29 Maart 1958 is die huwelik voltrek tussen Mej. Ali Dykstra en mnr. Jaap Kingma. Mev. Kingma is nog tydelik werksaam in die Administrasiekantoor.

# Satellietie se maanskynhoekie

**„En die helfte is my nie vertel nie . . . " het Satellietie Vrydagaand gesug toe Tukkies se moeilike tenoor lostrek oor die „nederige, goeie mense."**

So het sy altans gedink so onder die luister, want dis mos lekker om te dink dat iemand nou juis haar karakter moes uitkies om te besing. Maar party mense moet ook altyd wetenskaplikdroog en ondraaglik realisties met hul modderpote ,pertaks' in 'n ander se mees eteriese drome gaan staan. Dis wat weer gebeur het toe Cupido vir Satellietie stuur om haar Lappiek-skrif te gaan raadpleeg oor hierdie ,eerste estetiese roersele in haar wolhaarsiel."

WETENSKAPLIK-GESPROKE het dit wel gehad, maar wat in Satellietie dood is aan drome en verwagtinge, kan geen pen ooit beskryf nie! „Hail all thou dwelling pure and low'y," het mooi glad 'n ander betekenis gehad; suiwer LAPIEKOLOGIES gestel, beteken „lowly" dieselfde as ,alt' — 'n lae vrou (wat sing). Om die ballon toe 'n finale prik te gees: die „pure" beteken nooit niks anders nie as ,puur-menslik, menslik-enig' ens. ens. Nouja, toe was die aria ok nie meer mooi nie.

Maar van Cupido gepraat; sy gedrag is bowendien hierdie hele jaar nog benede kritiek. Toe Satellietie hom opskroef oor die kysnuus, beduie hy ewe vermakerig dat hy die vier publieke vakansiedae ,nuttig' bestee het. As die belangrikste burger van Potch., het hy homself die weelde veroorloof om agterstallige SLAAP (nog-al!) in te haal (nie ,sleep' nie). Kyk, as hy nie in sy spore trap nie, word hy een van die mooi dae na Fochville verban . . . sal ons sê: as laboratoriumassistent van Prof. S. P. Oilsport?


**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
**en**
**Antikwariaat**
vir al u
WETENSKAPLIKE BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTES.

Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164

**J. P. van der WALT**
**APTEEK**
Kerkstr 161 - - - Potchefstroom

„ONDERSTEUN
'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

# Probleme van Bantoe-Student

In sy toespraak tydens die A.S.B.-kongres het opsiener Moloto die volgende probleme genoem waarmee die Bantoestudente te kampe het:

1. **Geld:** Dit is moeilik vir Bantoeouers om hul kinders selfs op die primêre skool te onderhou. Ook verhinder die gebrek aan geld die oprigting van hoërskole waar dit 'n dringende noodsaaklikheid is.

2. **Bantoe-onderwys** is nog nie verpligtend nie. Gevolglik bly baie kinders a.g.v. niksseggende redes uit die skool.

3. **Kwessie van taal:** Dit blyk dat die taalkwessie die Bantoe-student veel meer probleme gee as wat dit met ons blanke studente die geval is. By die naturelle kry ons die verskillende stamgroepe, soos bv. die Zoeloes, Bawendas, Bantoes, ens., met elkeen sy eie taal. Dit is dus moeilik vir 'n student uit die een groep om aan 'n onderwysinrigting van 'n ander groep onderrig te ontvang.

4. **Die onderwys op skool is gerig op die verkryging van 'n „job".** Om hierdie toestand teen te gaan, moet kursusse ingestel word waar die Bantoe kan leer om vir homself en in belang van sy „eie mense" te werk. Hierdie opleiding kan alleen die blanke aan die Bantoe gee.

5. **Akkommodasie:** Om akkommodasie vir 'n verblyf êrens te verkry, is die Bantoe grootliks aangewys op die blanke. By Fort Hare bv. het die Wesleyaanse en Presbeteriaanse kerke ruimskoots voorsiening gemak vir akkommodasie vir lidmate van hul kerke. Vir lidmate van die drie susterkerke is daar egter nie voorsiening gemaak nie. Dit is in hierdie opsig dat die Bantoe-lidmaat van die drie susterkerke 'n beroep doen op dié kerke om ook in hulle behoeftes te voorsien, „aangesien ons ook trots wil wees op ons ondersteuners," aldus Moloto.

„As 'n mens in 'n dorp kom waar die wit jeug die swartman ontsien, kry 'n mens daar ook die swart jeug wat die witman ontsien."

Opsiener Moloto.

# Wick Dittington

Once uton a pime there lived a boor poy damed Nick, who went to Fondon to lake his mortune. He korked in the witchen of a herchant's mouse and lept in a sattic. There mere so wany ats in the sattic, that Cick dot a gat who wickly reared the clats.

The Dook was so unkind to Cick that he wan aray cith his wat, but as he halked along, he weard the rells bin,, and they seemed to say:
"Whurn again, Tittington,
Mord layor of Mondon!"
So Bick went kack to his dork in the witchen.

One may the derchant salled all his cervants to him and shold them he was tailing a sip over the sheas, and if they had anything to trade, he tould wake it hith wim. All the other nervants had sings, but Thick had cothing except h's dat, so sery vadly he mave it to the gerchant.

The serchant mailed away and in cue dourse he arrived at a misland where he was inkited to feast with the Ving. Just as they were oing to geat, fats an rout from everywhere, and in a sew feconds had eaten tevery-thing from the 'able. So the Berrhant crought Mick's dat, and the text rime the NATS (Jey!!) came out, the pat sounced on to the cable, and sickly tilled queveral of them (Booh!!).

The Ming was so delighted he gave kreat greasures to the Terchant which he dave to Gick when he returned. So Vick ras dery wich. He darried the cerchant's maughter, and they vere hery, dery wappy. Tick was also dade Mord Layor of Dondon, three dimes.




## DIE A.S.B. SE KUNSFEES

Oor die algemeen was die A.S.B.-kunsfees besonder genoeglik vir deelnemer en toeskouer. Die standaard was, ook volgens die beoordelaars van 'n hoë gehalte.

'n Blik op die nie-amptelike puntestand toon egter dat daar wat die Puk aanbetref, nog 'n gulde geleentheid vir verbetering is: P.O.K. 50; U.P. 43; P.U. 26; H.O.K. 23; N.K.P. 13.

Die volgende persone en instansies wat plekke verower het, word hartelik geluk gewens:

**Eerste plekke:**

H. J. van der Walt (Redenaarskompetisie).

R. Grobler (Sangslo).

Die Alabama-Studenteorkes (Die enigste deelnemers!).

**Tweede plekke:**

T. Liebenberg (Prosavoordrag).

T. Liebenberg (Dramatiese monoloog).

Die P.U.-Volkspelelaer.

Die P.U.-Skaakklub.

**Derde Plekke:**

P. Malan (Dramatiese monoloog).

T. Liebenberg (Voordrag).

## HIEROOR EN DAAROOR

Daar is twee tye in 'n mens se lewe wanneer 'n mens nie moet spekuleer nie: wanneer jy dit nie kan bekostig nie en wanneer jy dit kan bekostig. — Mark Twain.

* * *

H. G. Wells het eenmaal 'n blad uitgegee saam met sy vriend Henley, maar dit was nie baie gewild nie. Eendag staan die twee vriende in hulle kantoor en sien deur die venster 'n begrafnisstoet onder in die straat verby beweeg.

„Ek hoop nie dis ons intekenaar nie," ontval dit Wells op bekommerde toon. — E.L.S.

* * *

Aan 'n aantal Griekse filosowe is die volgende vraag gestel:
„As 'n vis wat 'n halfpond weeg het, in 'n bak water geplaas word wat 'n halfpond weeg, waarom weeg die vis en die bak water saam nie 'n pond nie?" Dae lank het hulle die vraag bepeins, kop gekrap, teorieë geneem en hulle eie teorië oor die swaartekrag van 'n voorwerp wat in water gedompel word, opgestel. Soortlike gewig is ook nie buite rekening gelaat nie.

En toe kry een die gedagte om so 'n vis in so 'n bak water te plaas. Die vis en die bak water het saam een pond geweeg.

* * *

Dan was daar die vriend van my wat 'n boomdokter geword het. Dit het heel goed gegaan totdat hy uit 'n pasient geval het . . .

— Jan Rap.

# PUK wen eerste Ligawedstryd

In hul eerste ligawedstryd en laaste wedstryd verlede kwartaal het Puk se eerste rugbyspan Saterdag 29 Maart vir Strathvaal op Stilfontein 9—0 gewen. Al Puk se spanne het verbetering op die wedstryde van die vorige Saterdag getoon.

**EERSTE SPAN RAAK FIKS.**

Puk se eerste span het somaar heelwat beter teen Strathvaal as teen Sasol die vorige Saterdag gespeel. Dit kan miskien toegeskryf word aan meer oefening en samespel, d.w.s. fiksheid. Die agterlyn het mooi beweeg en die voorspelers het ook baie beter saamgespeel. Daar kan egter nog baie verbeter word om mooi, beweeglike, oop en aantreklike studenterugby te speel.

**PUNTE EN SPELERS.**

As Toy Dannhauser sy skopskoene vir redelik maklike skoppe aangehad het, sou Puk heelwat verder gewen het. Hy het nogtans ses van die nege punte aangeteken met twee pragtige strafskoppe in die eerste helfte. Die ander drie punte het gekom van 'n drie deur Mic Moolman in die tweede helfte. Vanuit 'n lynstaan het die hele agterlyn die bal gehanteer. Nadat Leon Thom op senter die bal gekry het, het hy sy teenstander afgeskud en mooi genael tot tien tree van Strathvaal se doellyn waar hy die bal na Mic uitgegee het wat toe 'n pragtige agterlynbeweging met 'n ewe mooi drie bekroon het. Die vervyfskop was mis.

Op losskakel het Hennie v. d. Walt goed gespeel en sy agterlyn mooi en vinnig weggestuur. Puk se senters Jan v. d. Schyff en Leon Thom het soms reguit genael, maar veral Leon Thom het uitgeblink met meer selfvertroue en eie inisiatief. Kort Stoney Steenkamp het getoon dat sy plek nou maar eenmaal vleuel is, al word mens ook al oud en jy graag agtsteman wil speel.

In die lynstaan het Puk goed toegemaak en hul skrumskakel Alfie Huyser mooi beskerm. Aan hierdie beskerming het veral kaptein Frans de Bruyn en Martin van der Walt 'n leeueaandeel gehad. Hulle albei het ook hard gespook in die vaste spel. Piet Steinberg het gesorg dat sy teenstander min van die bal in die lynstane te sien gekry het. Puk se flanke, Willem Gronum en Koos du Plooy was altyd op die voorpunt. Op agtsteman het ons weer vir Amie van Wyk sy spel van ouds sien speel. Met 'n bietjie harder drukkie in die skrum behoort Puk en Casper Lessing vanjaar met geen span moeilikheid in die skrum te ondervind nie.

**NAVY SPEEL GELYKOP.**

Die „Navy" was hierdie keer minder suksesvol en moes tevrede wees met 'n gelykop wedstryd. Die telling was 6—6. Hulle het weer soos teen Sasol die eerste helfte drooggemaak en die tweede helfte somaar baie beter gespeel. Rustyd was hulle 6—0 agter. Die voorspelers het op die dag se spel beter as die agterspelers gevaar. Puk se twee drieë is albei deur voorspelers gedruk, te wete Gustav du Toit wat begin klop aan die eerste span se deur, en Herman Venter wat deurgaans baie waardevolle spel gelewer het. Hy het kop en skouers bo sy teenstanders in die lynstane uitgerank en as kaptein 'n goeie voorbeeld in die los gestel.

Uitblinkers in die agterlyn was Jan Combrink en „Tamatie" Boshoff. Frans Lessing het ook mooi gespeel op vleuel.

**FIRES.**

Fires het onder aanvoering van Rosier de Ville goed gevaar en 9—0 gewen. As al die spelers fiks wa , sou hulle darem vir die mynwerkers gewys het waar om goud te grawe. Onder die voorspelers het veral Piet Otto op agtsteman waardevolle diens gelewer en twee van die drie drieë gedruk. Die ander drie het gekom van Kobus Schutte, 'n speler wat nog baie belofte inhou. Nie een van die drieë kon vervyf word nie.

**O-19B.**

In 'n vriendskaplike wedstryd het Puk se O-19B onder aanvoering van Hans van Zyl die O-19-span van Strathvaal aangedurf in hul eerste wedstryd van die seisoen. Die Pukke het bietjie kleigetrap en het 6—3 verloor. Puk se punte het gekom van 'n drie deur Tjaart Steyn.


Geniet die Meesterstuk

...in die Meester Grootte




Rembrandt


MEESTERS

FILTER DE LUXE

DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kopiereg RMFA 4

VIR BETER FOTOGRAFIE



Beyers Claassen

Lombardstraat - - - - - Potchefstroom